Laerskool Horison
Weaver Straat, Horison, 1724
Tel: (011) 763 5617/8
Posbus 5002, Horison, 1730
hoof@horison.co.za
www.horison.co.za

**OMSENDBRIEF 9 van 2024**

**"Sit jou glimlag langs myne"**

AL ONS BRIEWE WORD GEBORG DEUR PNA FLORA SENTRUM (011-672-4582), HORISON (011-766-3366)

**HELP 24: DANKIE DAT JULLE ONS, BY ONS SKOOL, VEILIG HOU!**

***Klerebanktye:* - SKAKEL me. Geraldine 071 913 9121**

***COOL IDEAS: FIBRE INTERNET***

2024-03-19

Geagte ouers,

Baie dankie vir almal se insette om die eerste kwartaal weereens 'n suksesvolle kwartaal te maak. Ons hoop almal gaan die vakansie geniet en veilig en uitgerus terugkom skool toe.

Baie sterkte aan Andries Zanoli en Suné Coetzee wat Gauteng verteenwoordig by die SA atletiekbyeenkoms in Polokwane gedurende die skoolvakansie. Ons hou styf duim vas dat dit baie goed sal gaan met julle altwee.

Me. Mariska Kruger en Yolandi Meintjes gaan albei oop kraamverlof, baie sterkte. Ons hoop en vertrou alles sal goed afloop en die babas vir u baie vreugde en geluk sal bring.

## AKADEMIE

Baie geluk aan die volgende leerders wat deurdring na die tweede rondte van die *SA Maths challenge* wat die 22 ste Mei sal plaasvind:

Graad 4: Klara Heydenrych

Graad 5: Wihan Swart, Lihan Coetzee en Logan Flischman.

Graad 6: Malinda de Gouveia.

Graad 7: Zander du Plessis, Giovanni Zanoli en Adriaan Hoogendyk.

## RUGBY

Baie geluk aan die volgende seuns wat opgeneem is in die Sentraal-Wes rugbyspanne:

o/13 Ruan Lottering en Caleb Hughes

o/12 Ruvan Rautenbach en Zayne Kruger

Cayden Fourie en Luhann Venter is verlede jaar opgeneem in die o/12 *red squad groep*, so hulle 2 en die bogenoemde 4 seuns gaan na die vakansie deelneem aan die Goue Leeus Laerskole rugby proewe, baie sterkte.

Baie geluk aan mnr. Louis van Wyk wat aangestel is as Goue Leeus o/12 afrigter.

## NETBAL

Baie sterkte ook aan Suné Coetzee o/13 en Annebelle Schutte o/12 wat nog besig is met Gauteng netbal proewe.

## OUERAAND VIR RAPPORTE

Oueraand vir die afhaal van die Rapporte vir die eerste kwartaal is Dinsdag, 19 Maart vanaf 17:00 – 18:30 vir kleuters sowel as skool.

## SPORTTOERE

Baie sterkte aan die o/13A netbalspan wat in George toer en die 1 ste en o/11A rugbyspanne wat na Jubaweni gaan toer die vakansie.

Baie dankie vir ouers wat dit moontlik maak om te gaan toer en al die onderwysers wat die spelers vergesel. Ons is seker hierdie spanne gaan baie leer op hulle onderskeie toere.

## KASKARDAG

Baie dankie aan alle ouers, vriende, grootouers en familie wat ons ondersteun het deur 'n finansiële bydra te maak. Ons hoop die kinders gaan die dag geniet.

## SKOOL SLUIT VROEëR

Die skool sluit Dinsdag, 19 Maart om 13:00 en Woensdag, 20 Maart 12:00.

____________________

Mnr. G.F. van der Walt
Hoof

## INSTAPPIE: SPEELGROEP TOT GRAAD 7

African Sky Planetarium kom besoek ons skool en gaan die leerders op 'n reis vat deur die ruimte.

**Datum: 16 en 17 Oktober 2024**

**Kostes: R35 per leerder.**

(Leerders kan solank die geld by hul voogonderwysers inbetaal).

## GEMEENSKAPSRAAD

Die gemeenskapsraad ondersteun 'n kleuterskool in die omgewing. Ons vra vriendelik vir enige skryfbehoeftes, legkaarte, speelgoed en selfs klere vir jong kinders. Baie dankie vir elke Horie wat gaan help om hierdie projek 'n sukses te maak.

## KASKARDAG 2024



### Kaskardag Woensdag 20 Maart 2024

### Die lekkerste pretdag van die jaar is om die draai: Ja, dit is weer kaskardag!

**Deelname aan die dag kos R 40**. Hierdie geld moet asseblief by die voogonderwysers inbetaal word sodat elke kind vrylik kan deelneem aan al die pretaktiwiteite.

Elke kind ontvang ook ‘n bladsy met ‘n karretjie daarop wat ingekleur moet word soos hulle die verskillende dele van die kar verkoop. Die totale bedrag van die karretjie is R 150. Daar is ook ‘n kompetisie vir die karretjie wat die mooiste ingekleur is per graad. Die hele karretjie moet verkoop wees om in aanmerking te kom vir die **inkleurprys van R 100.** Die karretjie wat die mooiste ingekleur is sal bepaal word deur die graadhoofde.

Daar is natuurlik **pryse** vir die leerders en die klasse wat die meeste geld op hierdie manier insamel:
Die **wenklas** in elke fase kry elkeen ’n gratis Macdonald’s ete. Die leerders in elke fase wat die meeste geld ingesamel het wen ‘n volle R 400!

Ons hou ook ‘’n kleurfees. **Die kleurfees se verf kos R 20 per sakkie**. **Deelname aan die kleurfees is absoluut vrywillig.** Kinders moet asseblief nie hulle nuutste klere aantrek vir hierdie geleentheid nie. Hulle moet ook ‘n bril, masker of gesigdoek dra tydens die kleurfees.

**Let daarop:** Die verfsakkies is goedkoper as die vorige jare, omdat die inhoud van die sakkies minder bevat as in die verlede.

**Kleuterskool:**
Die kleuters gaan nie op ’n kaskar ry aangesien hul nog te klein is vir die groot kaskarre. Kleuters gaan wel op ’n balanseer fiets ry tydens die kaskardag.

**Baie belangrik:**
Ons gaan die jaar in verskeie kleurtemas deelneem. Moet asseblief **nie** nuwe klere gaan aankoop nie.

Leerders kan gebruik maak van enige klere wat hul reeds in besit het, of enige hoed, broek, linte ens. wat hy/sy volgens hul kleurtema kan aantrek.

Ons vind dat ouers T-hemde teen groot bedrae borg en dan word die hemp nie weer gebruik nie. Ons rig ‘n ernstige versoek dat ouers eerder hierdie borggeld sal skenk aan die klas waarin hulle kind is om sodoende ons inkomste te vergroot.

Op hierdie manier wen u kind dalk weer geld terug, omdat hulle die meeste geld in die fase ingesamel het!

Almal word aangemoedig om hulle gelde so gou as moontlik in te betaal by hulle voogonderwysers.

Die program vir die dag:

| Tyd | Wat gebeur? | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 06:00 | Studentemans span die bane, opstel van klank. | | | | | | | |
| 07:30 | Voogklas – inneem van gelde, afhandel van register ens. | | | | | | | |
| 08:00 | Grade beweeg na die veld en maak gereed vir deelname. | | | | | | | |
| **Tyd** | **Gr RRR- R** | **Gr 1** | **Gr 2** | **Gr 3** | **Gr 4** | **Gr 5** | **Gr 6** | **Gr 7** |
| 08:30 | KASKAR | KASKAR | SPRING | KLEUR | SPRING | KASKAR | SPRING | SPRING |
| 09:07 | KASKAR | KLEUR | KASKAR | SPRING | SPRING | SPRING | KASKAR | SPRING |
| 09:44 | SPRING | SPRING | KLEUR | KASKAR | KASKAR | SPRING | SPRING | SPRING |
| 10:21 | SPRING | SPRING | SPRING | SPRING | KLEUR | KLEUR | SPRING | KASKAR |
| 10:58 | PARKIE | SPRING | SPRING | SPRING | SPRING | SPRING | KLEUR | KLEUR |
| 11:35 | PARKIE | OPRUIM EN SKOONMAAK – GAAN DAN NA VOOGKLAS | | | | | | |
| 12:00 | SKOOL KOM UIT. | | | | | | | |

## HORISON KLEREWINKEL

| **Vrydae** | **Slegs afsprake** |
|---|---|
| Woensdae | 14:00 - 17:00 |
| Maandae | 14:00 - 17:00 |



- **Onthou om betyds u leerder se wintersklere voorraad te kom koop of te bestel!!**
- **Ons vra vriendelik dat u 'n whatsapp sal stuur na die klerewinkel se selfoonnommer indien u vellies wil bestel vir die 2 de kwartaal. R430 en R450 per paar.**

- **Kontak:** Me. Christina Nell by **076 337 8541**
- **Oproepe** sal slegs tussen **14:00 en 17:00 op Maandae en Woensdae** beantwoord word.
- Geen oproepe/boodskappe sal oor naweke beantwoord word nie.
- LAASTE kliënte sal **16:45** binne winkel toegelaat word.
- Winkel sal op **Vrydae gesluit** wees, tensy u as ouer vooraf 'n **afspraak maak.** Kontak asseblief **076 337 8541** per **Whatsapp** boodskap, voor Donderdag 14:00 om u afspraak vir Vrydag te reël.
- Netbalklere: Voorraad is hier!! **Let wel: Dit is net die verskaffer wat verander het, die Netbalklere se patroon en snit bly dieselfde.**
- Leiertruie (geel en oranje): R210 – R220
- Truie: R180 – R225
- Pullovers: R170 – R205
- Soft Shell baadjies: Afhangend van grootte, R400 en duurder.
- MBK hemde: R240 – R310.
- Sweetpakke: R560 tot R580 per stel.

## KLEREBANK

**Klerebank tye:**

| | |
|---|---|
| **07:30** - 10:00 | **Maandae** |
| **07:30** - 10:00 | **Woensdae** |


- Die klerebank (tweedehandse klere) en die klerewinkel (nuwe klere) sal op dieselfde dae oop wees, maar verskillende tye.
- Kontak: **Geraldine by 071 913 9121**. Whatsapp boodskappe sal **slegs tussen 08:00** en **13:00, Maandae tot Vrydae beantwoord** word. Oproepe/boodskappe na 13:00 sal eers die volgende dag beantwoord word. Boodskappe op naweke sal eers Maandae beantwoord word.

## KWARTAALPROGRAM 2024

| | | |
|---|---|---|
| **Maart** | 18 - 19 | Rugby en Netbal o/8 - o/10 Toernooi tuis |
| | **19** | **Oueraand / Rapporte 17:00 – 18:30** |
| | **20** | **Kaskardag** |
| | **20** | **Skool sluit 12:00** |
| | **20-23** | **Netbaltoer o/13 A George-Suid** |
| | 21 - 24 | Rugby o/11 & 1st span toer (Jubaweni) |
| | 24 - 26 | Atletiek SA-kampioenskappe in Polokwane |
| | 29 | Goeie Vrydag |
| **April** | 1 | Netbal Gauteng proewe o/12 & o/13 |
| | 3 | **Skool begin** |
| | 4 | Rugby vriendskaplik, Dr. Havinga o/8 tot 2de span (tuis) en Netbal vriendskaplik 0/10 – 0/13 A, B,C-spanne. |
| | 4 | Rugby GLLRU proewe dag 1 |
| | 5 | Rugby GLLRU proewe dag 2 |
| | 8 | Rugby GLLRU proewe dag 3 |
| | 9 | Netbal Liga Laerskool Fairland (weg) |
| | 10 | TAU-rugby en Mini-netbal by Laerskool Horison |
| | 11 | Rugby Vriendelike wedstryd L/s President Steyn (weg) |
| | 12 | Rugby GLLRU proewe dag 4 |
| | 16 | Rugby Liga L/s Dagbreek (weg) |
| | 18 | Netbal Liga Laerskool Fonteinebleau (tuis) |
| | 20 | Netbal Gauteng Finale proewe o/12 en o/13 |
| | 23 | Rugby Liga Weltevreden Park Primary (weg) |
| | **24** | **Gehoor- en Sigtoetse** |
| | 25 | Netbal Liga BPMS (weg) |
| | 30 | Rugby Liga L/s Fochville (tuis) |
| | 30 | Netbal Liga L/s Kenmare (weg) |
| **Mei** | 4 | TAU-rugbydag by Laerskool Randfontein (RAM) |
| | 4 | Mini-netbal Goudfees o/6 – o/9 Laerskool Randfontein (RAM) |
| | 7 | Rugby Liga L/s Unika (weg) |
| | 7 | Netbal Liga Laerskool Muldersdrif (tuis) |
| | 11 | TAU-rugbydag by Laerskool Rapportryer |
| | 11 | Mini-netbal o/6 – o/9 Laerskool Rapportryer |
| | 14 | Rugby Liga L/s Protearif (weg) |
| | 14 | Netbal Liga Laerskool Helderkruin (tuis) |
| | 16 | Netbal Liga Laerskool Roodekrans (tuis) |
| | 18 | TAU-rugbydag en Mini-netbal by Laerskool Dr. Havinga |

| | | |
|---|---|---|
| | 21 | Rugby Liga L/s Muldersdrif (tuis) |
| | 25 | TAU-rugbydag en Mini-netbal by Laerskool Krugersdorp-Noord |
| | 28 | Rugby Liga KEPS (tuis) |
| | 31 Mei & 1 Junie | Netbal Jomo uitspele o/12 – o/13 (Crawford) |
| **Junie** | 4 | Rugby GLLRU kwart-finale |
| | 6 | Rugby GLLRU Semi-finale |
| | 7 – 8 | Netbal Gauteng Kampioenskappe |
| | 10 | Rugby GLLRU Finale |
| | 14 | **Skool sluit** |
| **Augustus** | 30 | Lente Sokkie |
| **September** | 6 | Bernice West en Ilan van Staden Optrede op sportvelde |
| | 14 | Kleuter Opedag |
| **Oktober** | 1 - 5 | Inni-Horie-Fees |

## SNOEPIE 2024

| **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
|---|---|---|---|---|
| **2024/03/18**<br>Chicken wrap<br>Full wrap R32.00<br>½ wrap R16.00<br>Trammezini - Hoender/Mayo<br>Full R35.00<br>½ R17.50 | **2024/03/19**<br>Chicken Nuggets & Chips<br>Kaas worsies & chips<br>Vis bolletjies / vingers & Chips<br>R 32.00 | **2024/03/20**<br>Hoender Burger OF Beef Burger<br>R25.00<br>Kaas Burger<br>R28.00 |  |  |



**Elke dag beskikbaar:**




- Slap Chips R17 / R21
- Warmbrak R18
- Chip Roll R17
- Gewone slaai R23
- Hoenderslaai R30
- Koppie 2 minute Noodles R12
- 1 Vulsel Rollettjie R10 (bv. Ham rolletjie / kaas rolletjie ens.
- **Vars rolletjies / "Build-a-roll":** Bedrag uitgewerk volgens vulsels bv. Tamatie/Ham/Kaas/Hoender & Mayo/Eier & Mayo ens**. (vroeë bestelling).**
- **Toasted broodjies:** Kaas; Kaas/Tamatie; Kaas/Ham; Kaas/Ham/Tamatie; Chicken/Mayo; Dubbel Ham/Kaas.
- **NUUT: Vroeë bestellings – Broodjie vulsels: HOENDER PREGO, BACON, EIER.**
- **ONTBYT ROLLETJIES**
- **MINI TRAMEZINI – CHICK MAYO EN KAAS**

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:

coolideas

FIBRE INTERNET





Tr. NK

# VANDAG SE WISKUNDE VIR ALMAL

'n Geleentheid vir ouers van Gr RRR tot Gr 3 leerders.

Ons gaan die volgende vrae bespreek:

- Hoekom is Wiskunde nogsteeds belangrik en relevant?
- Hoe verskil Wiskunde van die 19de eeu met vandag se Wiskunde?
- Hoe praat ek die taal van Wiskunde met my laerskool kind?
- Wat kan ek doen om van 'n jong ouderdom af Wiskunde-angs te voorkom?
- Indien ek nie 'n liefde vir Wiskunde ontwikkel het nie, watter stappe kan ek nou neem om dit te oorkom en my kind ten volle te ondersteun?

Saterdag
13 April

09:00 tot 11:00

NG Kerk
Constantiakruin
Kapel

Facebook:
MRS NK
Whatsapp:
0790601277

Kaartjies:
**R175pp**

Besprekings:
Quicket: Vandag se Wiskunde - vir almal
https://qkt.io/6qlwhz

# SCHOOL DAYS PROJEK

Ons wil asb. ons Horie-ouers aanmoedig om by "SCHOOL DAYS" te registreer vir ekstra fondse vir die skool. Koppel net u Dischemkaart en Baby City kaart met "SCHOOL DAYS," deur die QR kode hieronder wat spesifiek vir ons skool geskep is, te skandeer met u foon. Vir elke transaksie van u as ouer wat u kaart gekoppel het by Dischem kry die skool 1%.

Elke bietjie geld help ons skool, en ons vra ons ouers baie mooi om te help met hierdie projek.
Vra asseblief die kinders se grootouers, tannies en ooms om ons ook met hierdie projek te help.



## MY SCHOOL-KAART

Ons wil asb. u as ouer aanmoedig om u “My School-kaart,” te gebruik, wanneer u aankope by winkels doen**.** Hierdie kaart is geldig by bv. Woolworths, Engen, Netstar ensovoorts.

Vir elke keer wat u die “My School-kaart,” gebruik, ontvang die skool ‘n persentasie van die aankope. Elke geldjie help ons skool en ons vra ouers baie mooi om hierdie projek te ondersteun.

**Hoe om by “MY SCHOOL” aan te sluit?**

**Registreer by “MY SCHOOL” en kies ons as begunstigde.**

- **Ons virtuele “MY SCHOOL” kaart is nou op u selfoon beskikbaar!**
  **Die GRATIS APP is op die “App Store” of “Google Play Store”, teken in en wys jou virtuele kaart by die winkels as jy inkopies doen**
- **Kry jou gratis kaart.**
- **Registreer nou vir u gratis kaart:** https://www.myschool.co.za/portal/register
- **Bel “MY SCHOOL”: 0860 100 445**
- **E-pos:** cs@myschool.co.za
- **Kliek op QR kode**
- 
- **Koppel u Woolworths kaart aan “MY SCHOOL”:**
  https://www.myschool.co.za/portal/login